JONKERSHOEK SRA

# COMMUNIQUE

Mei 2017 / May 2017

Beste Jonkershoek SRA-lid

Uit vorige kommunikasie mag u daarvan bewus wees dat ons met 'n aantal verskaffers van optiese vesel na huise (Fibre to the Home: FTTH) onderhandel het oor die installering van 'n netwerk in ons gebied. Dit sal die internet-toeganklikheid grootliks verbeter en 'n gevorderde kommunikasienetwerk vir ons Kamera Waarnemingstelsel moontlik maak.

Dit is vir ons aangenaam om bekend te maak dat FTTH nou in ons gebied 'n werklikheid gaan word!

Na oorweging van 'n aantal voorleggings is 'n ooreenkoms met Frogfoot Networks gesluit. In ruil vir die reg om die voorkeur FTTH-verskaffer aan die JSRA te wees, is hulle bereid om 'n wesenlike bydrae tot die koste van die kommunikasienetwerk vir ons Kamera Waarnemingstelsel te maak.

Frogfoot doen die installering van en behou eienaarskap van die vesel infrastruktuur. Internetdienste word verskaf deur Internet Diensverskaffers (ISPs) wat met Frogfoot 'n ooreenkoms aangaan om hulle vesel-infrastruktuur te gebruik om aan huiseienaars internetdienste te verskaf.

U sal kan kies uit 'n aantal ISPs om u normale Internet-dienste op die Frogfoot-netwerk te ontvang. Die Frogfoot-netwerk sal 'n vinniger en meer stabiele diens as bestaande netwerke kan verskaf. Om u met u keuse van 'n geskikte ISP (en die verskeie pakket-opsies) vir u besondere behoeftes by te staan, sal ons 'n inligtingsessie reël. Die voorlopige datum vir die inligtingsessie is Woensdag, 24 Mei om 18:00 in die Hoërskool Stellenbosch skoolsaal. Ons sal by die inligtingsessie besonderhede verskaf van die ISPs en hulle bemarkingsplanne.

Vir verdere inligting oor Frogfoot en FTTH, kyk gerus na Frogfoot se webtuiste (www.frogfootfibre.com) en kies "JSRA(Stellenbosch)" by die gedeelte "Please select a Suburb".

Die veselnetwerk sal volgens plan teen einde Julie 2017 voltooi wees. Die Internet-dienste deur die ISPs sal na voltooiing van die veselnetwerk gedurende Augustus 2017 in diens gestel kan word.

Ons vertrou dat u hierdie nuwe ontwikkeling as 'n baie opwindende, waardevolle en koste-effektiewe inisiatief sal ervaar.

Beste groete
D M (Niel) Hoogenhout
Voorsitter Jonkershoek-SRA

Dear Jonkershoek SRA member,

You may recall from previous communications that we negotiated with a number of suppliers of Fibre to the Home (FTTH) to install a network in our area. This will vastly improve internet access and enable a superior communication network for our Camera Surveillance System.

We are pleased to announce that FTTH is now finally becoming a reality in our area!

After considering a number of proposals an agreement has been entered into with Frogfoot Networks. In exchange for the right of being the preferred FTTH provider to the JSRA, they are willing to make a substantial contribution towards the cost of the communication network for our Camera Surveillance System.

Frogfoot does the installation of and retains ownership of the fibre infrastructure. Internet services will be provided by Internet Service Providers (ISPs) who enter into an agreement with Frogfoot to utilise their fibre infrastructure to provide home owners with the Internet services.

You will have the option of selecting from a number of ISPs to receive the usual Internet Services on the Frogfoot network. The Frogfoot network will ensure a more stable and much faster service than current networks. To assist you in making the right ISP choice (as well as the best package) to fit your Internet needs, we will arrange for an information session. The provisional date for this session is Wednesday 24 May at 18:00 in the school hall of Stellenbosch High School. At the information session we will provide details of the ISPs and their marketing efforts.

For more information on Frogfoot and FTTH you are welcome to visit the Frogfoot web site (www.frogfootfibre.com) and choose "JSRA (Stellenbosch)" at the option "Please select Suburb".

The fibre network is planned to be operational by end July 2017. After completion of the fibre network the internet services by ISPs can be implemented during August 2017.

We are confident that you will experience this new development as an exciting, valuable and cost effective initiative.

Regards
DM (Niel) Hoogenhout
Chairman Jonkershoek SRA